BLACKBERRY MESSENGER
ERKENNING VAN VERGUNNING

Research In Motion Limited of een van sy geaffilieerdes ("RIM") stel graag BlackBerry Messenger (die "Kliënteprogrammatuur") gratis aan u beskikbaar (dit wil sê aan u persoonlik of, as u gemagtig is om dit namens 'n ander regspersoon te aanvaar, dan beteken U daardie regspersoon). Die Kliënteprogrammatuur is Blackberry se Handbediende Programmatuur waarvoor U deur RIM gelisensieer is kragtens RIM se Blackberry Programmatuur-vergunningsooreenkoms ("BBPVO"). Blackberry se Handbediende Programmatuur soos omskryf in die BBPVO beteken ook programmatuur wat RIM se eiendom is en wat van tyd tot tyd deur of namens RIM uitgesein, of andersins deur of namens RIM beskikbaar gestel word vir gebruik op 'n handbediende produk*,* met ander woorde dit sluit hierdie Kliënteprogrammatuur in. As U dus reeds die voorwaardes van die BBPVO met betrekking tot U gebruik van U Blackberry-oplossing (soos in die BBPVO omskryf) aanvaar het, en AS U DAN KLIEK OP "EK AANVAAR" WAAR DIT HIER ONDER VERSKYN, DAN ERKEN U DAT DAARDIE SELFDE BEPALINGS OUTOMATIES OP U GEBRUIK VAN DIE KLIENTEPROGRAMMATUUR VAN TOEPASSING IS. AS U NIE REEDS TOT DIE BBPVO INGESTEM HET NIE EN U KLIEK OP "EK AANVAAR" HIERONDER, STEM U IN OM GEBIND TE WORD DEUR DIE BBPVO WAT DAN DIE PLEK INNEEM VAN ENIGE VROEËRE RIM-PROGRAMMATUUR-VERGUNNINGSOOREENKOMS WAT TANS GELD TEN OPSIGTE VAN ENIGE ANDER PROGRAMMATUUR AS DIT AS DEEL VAN U BLACKBERRY-OPLOSSING GEBRUIK WORD. INDIEN DIE HUIDIGE BBPVO NIE GEREDELIK TOT U BESKIKKING IS NIE, KAN U DIT BEKOM BY WWW.BLACKBERRY.COM OF DEUR RIM TE KONTAK BY LEGALINFO@RIM.COM.